Slingervel

Augustus 2021

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 63
Nommer 1030, Augustus 2021

As julle enige vrae of versoeke het, kontak my deur

⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za

Lees meer oor die Internasionale Dag van die Kat op bl. 12

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Blokkiesraaisel: 1 Korintiërs 13 – 15
10 Gemeentes in die Nuwe Testament (9)
11 Help soek!
12 Op hierdie dag in Augustus
14 Oplossing: Help soek!
15 Oplossing: Blokkiesraaisel: 1 Korintiërs 13 – 15
16 Wat kan ek lees?
19 Seekatte

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Abraham Krüger
Stephan Kotzé
Hamus Bornman

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery

Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 63,
Nommer 1030
Augustus 2021

ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief



Waarom laat God dit toe? Die pandemie is nou 18 maande met ons. Tienduisende in ons land dood. Wêreldwyd miljoene. Waarom?

Maats, het julle al die eerste verontskuldiging in die Bybel raakgelees? (*Verontskuldiging* beteken dat jy 'n rede gee waarom jy dink dat jy nie skuldig is nie.) Toe die Here vir Eva vra waarom sy ongehoorsaam was, pak sy die skuld op die slang. Toe God Adam vra waarom hy ongehoorsaam was, was sy antwoord: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet" (Gen. 3:12).

Kyk mooi wat gebeur hier: God word beskuldig dat Hy die fout gemaak het! Dan is die vrou skuldig. Dan sê Adam dat dit die rede is waarom hy die verkeerde ding gedoen het.

Van daardie dag af is dit die patroon: as ek iets verkeerd doen, en ek word uitgevang, soek ek iemand anders om die skuld op te pak. God ook. Kyk maar wat gebeur vandag. In die nuus, as iemand uitgevang word, is dit iemand anders se skuld.

Wat sê God daarvan? Ons moet onthou dat God die mens volmaak geskep het. Daar was in die tuin van Eden alles wat hy nodig gehad het. Tot hy verlei word om te dink dat God iets verkeerd gedoen het om hom nie soveel kennis te gee as wat Satan hulle voorgehou het nie.

Die Here gee die mens verantwoordelikheid. Dit beteken dat die Here vir die mens voorskrifte gee, sy wil gee, en ons moet iets daarmee doen. Ons het dit. Ons kan luister of nie luister nie. Ons kan doen wat God sê, of ons kan vir die duiwel luister. Dit is wat ons gewoonlik doen: dink ons is slim en kies reg, maar die duiwel het klaar die verkeerde vir my voorgehou as reg.

As ons eerlik is met onsself, moet ons sê: Ek het gekies! Dit is ek wat nie vir ma of pa geluister het nie. Ek het gekies om nie huiswerk te doen nie. As ek uitgevang word, is dit net ek wat verkeerd gedoen het.

Maats, as elkeen van ons net kan sê: "Ek het verkeerd gedoen. Ek. Iemand het my dalk verkeerd geleer. Die duiwel het my dalk verlei, maar dis ek wat dit gedoen het. Ek!" Dan, en net dan, vra ek die Here om te help. Om die regte pad te wys.

Ons moet een ding onthou: God maak nie foute nie. God kan nie verander nie. Hy is heilig volmaak. Verder: in sy volmaaktheid het Hy my gekies as sy kind. As jy dit altyd wil onthou, en jy leer dit vir al jou maats, en jou maats vir hulle ouers en maats, gaan ons regtig as kinders van God begin leef. SV

1 Korintiërs 13-15

Maats, vandag 'n lekker grote! **OPLOSSING OP BLADSY 15**



Leidrade:

DWARS

2 Watter saad gebruik Paulus as voorbeeld?
4 Wanneer vergaan die liefde?
8 Ons kyk nou nog in 'n _____ _____.
12 Hierdie bydrae het elkeen gewoonlik om te lewer.
13 Wat is die grootste van die deugde?
14 Voltooi: laat ons eet en drink, want more _____ ons!
16 Die gemeente moet haar veral toelê op hierdie gawe van die Gees.
17 Hiervolgens sal Christus op die derde dag opstaan.
18 Hier het Paulus soos teen wilde diere geveg.
20 Ongewone tale en klanke is vir hulle 'n teken.
23 Aan hoeveel broers het Jesus gelyk verskyn?
24 Hieroor verheug die liefde.
26 Hierdie bydrae het elkeen gewoonlik om te lewer.
28 Paulus wil eerder soveel woorde met sy verstand praat as 1000 in ongewone tale of klanke
29 'n Profeet het beheer oor ____ _____.
31 Die liefde is _____.
33 Hoe beskryf Paulus mense wat nie glo dat Jesus opgestaan het nie?
34 Almal sterf in verbondenheid aan hom.
35 So moet die gemeente nie in haar denke wees nie.

AF

1 Die laaste vyand is die _____.
3 As Christus nie opgewek is nie, is dít waardeloos.
5 Watter instrument sal geblaas word en dan sal dooies opstaan?
6 Ek is niks, al het en die geloof om dit te doen.
7 Voltooi: Slegte geselskap bederf _____ _____.
9 God is nie 'n God van _____ nie.
10 Wie is die geringste van die apostels?
11 Volgens Paulus aan die Korintiërs - aan wie het Jesus eerste verskyn?
15 Iemand wat ongewone tale en klanke gebruik, praat met _____.
19 Sonder liefde word ek hierdie musiekinstrument.
21 Christus dra sy koningskap oor aan _____ _____ _____.
22 Hierdie bydrae het elkeen gewoonlik om te lewer.
25 Dit is nie betrokke as ek in ongewone tale en klanke bid nie.
27 Aan wie het Jesus ook verskyn?
28 Die liefde is nie _____ nie.
30 Wie is die eersteling van dié wat gesterf het?
32 Dit is lelik vir hulle om in die erediens te praat.

Tannie Maryke

Op hierdie dag in Augustus

Internasionale Dag van die Kat

Wat baie dinge betref, kan mense gewoonlik in twee groepe verdeel word: diegene wat van sjokoladegeur hou, en ander wat weer vanieljegeur verkies. Dan kry jy diegene wat somer geniet, en ander wat meer van winter hou. So is dit ook met troeteldiere; party mense hou van honde, terwyl daar weer ander is wat eerder katte verkies.

Internasionale Dag van die Kat is in Augustus 2002 begin met die doel om die gewildheid van katte te erken. **8 AUGUSTUS** is die datum wat die Internasionale Fonds vir Dierewelsyn (IFAW) gekies het om hierdie dag te vier deur 24 uur van waardering en erkenning aan katte regoor die wêreld te gee.

Sosiale netwerke is die gunsteling manier om Internasionale Dag van die Kat te herdenk. Mense maak gebruik van foto's en meme (grappige spotprente) om katte se bestaan op aarde te vier. Daar word gewoonlik ook gevra dat voedsel aan dierebeskermingsverenigings tydens hierdie dag geskenk word. Mense word ook aangemoedig om donasies aan verskillende gespesialiseerde sentrums te maak of om 'n soort vrywilligerswerk op hierdie dag te doen.

Die eerste keer dat hierdie datum gevier is, was danksy IFAW se samewerking met ander organisasies wat wêreldwyd vir diereregte veg. Hierdie internasionale dag sluit alle soorte katte in, van huis- tot rondloperkatte. Verskillende ekologiese organisasies het beraam dat daar meer as 600 miljoen klein katte wêreldwyd bestaan.

Persoonlik sien ek geen verskil tussen katliefhebbers en hondeliefhebbers nie, want hulle weet albei hoe wonderlik hierdie diere en enige ander diere op ons planeet is. Studies het egter getoon dat daar 'n paar verskille is tussen mense wat katte besit en diegene wat honde besit.

In 2014 het 'n professor in sielkunde aan die Carroll Universiteit in die VSA navorsing gedoen wat toon dat mense wat van katte hou of mense wat van honde hou, verskillende persoonlikhede het. Ek glo nie ons almal sal hiermee saamstem nie, maar dit is tog pret om te kyk of jy miskien ooreenkomste in mense wat jy goed ken kan opmerk. Hier is 'n paar van die dinge wat die navorsing uitgewys het:

- Mense wat van katte hou, is gewoonlik nie bang vir alleen wees nie, terwyl hondeliefhebbers dalk eerder geselskap van ander mense geniet.
- Katliefhebbers hou nie noodwendig van reëls nie en is geneig om reëls te ignoreer waarvan hulle nie hou nie. Hondeliefhebbers sal moontlik makliker reëls nakom en gehoorsaam.
- Honde-eienaars vertrou mense glo makliker as kat-eienaars.
- Mense wat van honde hou, is moontlik minder sensitief as katliefhebbers.

Hou jy meer van katte of honde? Of dalk albei? SV

[Aangepas vanaf:
https://af.warbletoncouncil.org/dia-internacional-del-gato-2623#menu-2/
https://diereraad.wordpress.com/2012/08/08/internasionale-dag-van-die-kat/
http://rooirose.co.za/diere-en-hul-maniere-fassinerende-feite-oor-katte/
https://www.bezzia.com/af/verskille-liefhebbers-katte-liefhebbers-honde/]

Katte is van die gewildste troeteldiere op aarde, en ons kan almal saamstem dat hulle beslis fassinerende diere is. Hier volg 20 interessante feite oor katte:

1. **Katte is uitstekende manipuleerders. As hulle kos wil hê, verander hulle glo hulle miaau sodat dit meer na 'n babagehuil klink sodat 'n mens vinniger moet reageer.**
2. **Katte kan meer as 100 geluide met hulle stembande maak – dit is 90 geluide meer as honde.**
3. **Mens en kat het identiese gebiede in die brein wat vir gevoelens of emosies verantwoordelik is. 'n Kat se brein stem daarom meer ooreen met dié van 'n mens s'n, as 'n hond.**
4. **'n Kat slaap gemiddeld twee derdes van die dag. 'n Negejarige kat is dus net drie jaar van sy lewe wakker!**
5. **Katte het nie sweetkliere orals op hulle lywe nie. Hulle sweet net aan hulle pote (mens sien dit duidelik as 'n kat op die veearts se tafel beland en gespanne is).**
6. **Die geriffelde patroon op 'n kat se neus is so uniek soos 'n mens se vingerafdruk. Elke snoetjie is dus enig in sy soort.**
7. **Katte het 230 bene in hulle liggaam – 24 meer as die mens. Hulle het egter geen sleutelbeen nie, en kan as gevolg daarvan deur enige opening pas wat so groot soos hulle kop is.**
8. **Karl Lagerfeld (die bekende modeontwerper) se kat, Choupette, het twee oppassers gehad, en hierdie bedorwe kietsie het twee keer per dag saam met hom aan tafel geëet!**
9. **Die Siamese kat is die oudste huiskat en is al vir meer as tien eeue in die omtrek. Hulle is oorspronklik vanaf Thailand (eers bekend as Siam), waar hulle as 'n koninklike kat geteel is.**
10. **Katte wy ongeveer 30 tot 50 persent van hulle dag aan selfversorging. Dit dien meer as een doel: om hulle reuk vir roofdiere weg te steek, vir afkoeling, die bevordering van bloedvloei en die eweredige verspreiding van hulle natuurlike olies om warm en droog te bly.**
11. **Katte kan seewater drink! Anders as by mense, kan katte se niere soute uitfiltreer en die waterinhoud gebruik om hulle liggame te hidreer.**
12. **Katte is omtrent die enigste soogdiere te wêreld wat nie soet- en speseryagtige smake kan proe nie.**
13. **Katte kan dolfyne hoor, oftewel die ultrasoniese geluide (baie fyn geluide wat mense nie kan hoor nie) wat knaagdiere (en dolfyne) maak om met mekaar te kommunikeer.**
14. **Katte kan 4,8 kilometer per uur vinniger as Usain Bolt (die vinnigste man op aarde) hardloop – die gemiddelde kat kan tot 48 kilometer per uur hardloop.**
15. **'n Kat kan tot ses keer sy eie lengte spring – of vyf keer sy eie hoogte. Danksy kragtige spiere in hulle agterbene en 'n stert wat help met balans, het dié ratse diere geen probleem om op 'n hoë muur of sommer bo-op die yskas te spring nie.**
16. **Babakatjies slaap baie, omdat hulle lyfies slegs 'n groeihormoon afskei wanneer hulle slaap, en daarom is slaap noodsaaklik vir groei.**
17. **Katte begin reeds droom wanneer hulle sowat 'n week oud is.**
18. **Katte kan nie direk onder hulle neuse sien nie, daarom mis hulle soms kos wat reg voor hulle lê.**
19. **Wyfiekatte is regspotig, terwyl mannetjieskatte glo hulle linkerpote verkies.**
20. **In die natuur sal 'n kat nooit sy prooi reg langs sy waterbron vreet nie, glo sodat die waterbron nie besmet kan word met verrottende oorblyfsels kos nie. Dus, as jy nog steeds jou kat se waterbak langs sy kos sit, skuif dit ten minste twee meter weg, of dalk na 'n ander vertrek. Die kans is groter dat jou kat dan uit sy bakkie water sal drink.**

Oplossing: Blokkiesraaisel 1 Korintiërs 13-15



Hamus Bornman

Seekatte

Maats

Ek hoop regtig jy het die dokumentêre film, *My octopus teacher*, gekyk. Dit het die Oscar gewen as die beste vollengte dokumentêre film, 'n merkwaardige prestasie. In die ander artikels wat ek geskryf het, het ek gebruik gemaak van die werk van Werner Gitt. Vandag skryf ek my eie waarnemings. In die artikels van Gitt het die klem elke keer geval op die feit dat God 'n unieke Skepper is, wat elke ding met 'n doel gemaak het soos ons dit vandag sien en ken.

Die seekatfamilie bestaan uit drie groot subklasse. Maats, en hier is nou 'n probleem! Afrikaans het nie drie woorde vir die drie spesies nie! Al drie het dieselfde tipe vel, kan ink vrylaat, is uitstekende kamoefleerders en al drie word as gesogte disse voorberei. Ek gaan die onderskeiding só maak: seekat (octopus), inkvis (squid) en beenvis (cuttlefish).

Seekat (foto bo-aan bladsy 20)
Die Engelse naam *octopus* kom eintlik van die Latyn af, wat "agt voete" beteken. Hy is die grootste van die drie. Die ander twee het 10 pote. Die seekat het geen skelet nie. Jy kan maar op die internet gaan kyk deur watter klein gaatjies groot seekatte kan ontsnap. Hy verander ook sy vel se kleur om so te kamoefleer.

Inkvis (foto in die middel op bladsy 20)
Hy is heelwat kleiner as die seekat, het twee tentakels waarmee hy sy prooi vang en agt pote, soos die seekat. Hy het 'n dop binne in sy lyf. Volgende keer as jy by 'n restaurant of wegneem-ete calamari bestel, is dit wat jy kry (calamari is die Italiaans vir "squid").

Beenvis (foto onderaan bladsy 20)
Het jy al by die troeteldierwinkel so 'n wit sagte been gekoop wat die voëls graag eet? Dit is die "been" aan die binnekant van die beenvis. Dit maak dat hy baie stadiger as die ander twee beweeg in die water. Jy sal seker nie glo nie, maar daar is video's wat wys hoe die beenvis sy prooi hipnotiseer en dit dan vang.

Unieke skepsels
Wat hierdie diere (hulle is nie visse nie) uitsonderlik maak, is dat hulle uiters intelligent is. Hierdie intelligensie is deur God geskep, soos ek hieronder sal verduidelik. Hoewel hulle doof is, het hulle goeie sig. Wetenskaplikes vermoed ook dat hulle kleurblind is (dat hulle net swart en wit – en natuurlik al die skakerings van grys – kan sien). Wat dit dus baie merkwaardig maak, is dat hulle nie van hulle sig gebruik maak om te kamoefleer nie! Hoe doen hulle dit dan? Wetenskaplikes spekuleer! Iets in die vel? En hulle kan in millisekondes van kleur en tekstuur verander. In *My octopus teacher* wys hulle hoe die seekat skulpe en klippe gebruik om te lyk soos die ander dinge op die seebodem. Hulle kamoefleer natuurlik om te keer dat die diere wat hulle jag, hulle sien. Hulle verander dus nie net van kleur nie, maar ook van vorm.

Die een saak van hierdie seediere wat opvallend is, is dat hulle nooit hulle ouers of hulle kinders sien of ken nie. Dit is ook duidelik in *My octopus teacher.* Waarom is dit belangrik? Hulle het 'n baie kort leeftyd. Hulle kan nie leer by pa of ma nie, en dit nie vir hulle kinders leer nie. Kon hulle dit leer deur evolusie? Ek dink nie so nie. Evolusionisme beweer dat veranderings oor baie jare plaasvind, en dat die aanpassings oorgedra word van ouer na kind. Hoe het die ouers geweet of hulle die regte veranderings oorgedra het? Hulle weet dit nie! Die Here het in die ekosisteem van die see hierdie diere geplaas om hulle rol te speel, maar veral die mens te laat besef hoe ver bo die mens se verstand God dink. Hulle leer nie uit ander se foute nie – hulle weet wat hulle weet, want God het dit so gewil. SV

Youtube
Vir die maats wat meer wil weet van hierdie wonderlike seediere, kyk na die volgende video's:

Kamoeflering
https://www.youtube.com/watch?v=8ruiudiWcpw
https://www.youtube.com/watch?v=yN5u46knJI8
Seekat
Reuse seekat: https://www.youtube.com/watch?v=XJKj2JF7Q4c
Seekat vang haai: https://www.youtube.com/watch?v=Q36_8s5z6S8
Intelligensie
https://www.youtube.com/watch?v=dKWssIQplw8
Webblad
https://octolab.tv/

Die seekat-familie

Seekat / Octopus

Inkvis / Squid

Beenvis / Cuttlefish